



## Die Tweede Gebod

### Verskil tussen eerste en tweede gebod

Verlede keer (Ons Bondsjeug 1988-05-18) het ons gesien: Die Here sê vir jou in sy eerste gebod WIE om te aanbid — Hom alleen, jou enigste Verlosser.

Sy tweede gebod sê vir jou hoé jy Hom moet aanbid — nie op jou willekeurige manier (deur middel van beelde) nie, maar op sý manier (geloof in sy lewende Woord); in Gees en waarheid, want God is Gees (Johannes 4: 24).

### Beelde van God in die Bybel

Verskeie kere het Israel die Here deur middel van beelde probeer dien. Hulle het nie bedoel om afgode te maak nie, maar dit was 'n eiewillige manier om die ware God te aanbid. Dink maar aan die goue kalf (Eksodus 32), die ark (1 Samuel 4: 3), die tempel (Jeremia 7: 4), die wet (Matteus 23: 23, 24) en hul voorvader Abraham (Matteus 3: 9).

### En in jou eie lewe

So maklik probeer jy en ek die Here dien op ons eie manier. Jy bedoel dit so goed dat jy dit dalk nie eens besef nie. Dit is met sulke goeie 'beelde' dat jy dit nie eens agterkom nie.

Jy 'dien' God deur middel van die suiwer Gereformeerde leer, maar intussen steek jou geloof vas by die waarhede wat jy oor God bely en kom jy nooit by Hom Self uit nie. Jy dien die 'huis van God' so kliphard, dat jy nie Jesus Christus Self aanbid nie.

Jy konsentreer so op die Wet van God dat jy die God van die Wet uit die oog verloor . . .

### Hoekom beelde?

Mense maak beelde van God om Hom nader te probeer bring. Hulle se daarmee: Ons kan nie sonder U lewe nie. Ons soek gemeenskap met U. Ons wil U sien, U bý ons hê.

Selfs 'n man soos Moses het eenkeer uitgeroep: Here, ek wil U sien! (Eksodus 33: 18.)

Verstaan julle nou dat Israel Aäron versoek het om die goue kalf te maak toe die Here (en Moses) so lank, so ver, op die berg gebly het (Eksodus 32)? En net so in al die gevalle hierbo genoem?

### Hoekom nie beelde nie?

Tog, desnieteenstaande, kom ons God met sy tweede gebod: Hy straf Aäron, Hy laat Hofni en Pinehas sterf, Hy laat die tempel verwoes deur vyande, Hy veroordeel die Fariseërs se valse dwepery met sy wet, Hy sê dat Hy uit die klippe ook kinders vir Abraham kan verwek.

Hoekom? Omdat jy en ek sondaars is. En geen sondaarmens kan God sien en bly lewe nie (lees Genesis 32: 30; Eksodus 33: 20; Deuteronomium 5: 24; Rigters 6: 22, 13: 22). Hy is heilig!

### Die Beeld van God

Ja, God is só heilig dat Hy alleen van Homself 'n beeld kan maak. Hy het dan ook: "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun . . . Hy wat die afskynsel is van sy heerlikheid en

die afdruksel van sy wese . . ." (Hebreërs 1: 1, 3). "Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon", skryf Johannes (1: 14). Só naby kom God aan jou. Tot by jou. Ja, nóg nader: Sy Gees het in jou kom woon. En Hy bind jou aan Gods Woord nie om te sien nie – maar om te glo!

J Botha

© 2013

[www.christelikebiblioteek.co.za](http://www.christelikebiblioteek.co.za)